

Sing vooraf staande: Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 81:1, 11, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:2, 3 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

Gebed

Psalm 32:3, 4 (p. 152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.
- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Skriflesing: Matteus 18:21-35; Heidelbergse Kategismus, Sondag 51:126

Kernvers: Matteus 18:23-25

Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduisend talente skuldig was. En omdat hy nie kon betaal nie, gee

sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word. (Matteus 18:23-25 AFR1953)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondeurs, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).
(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14.

Tema: 'n Gebed om vergifnis veronderstel belydenis

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer ons sê ons leef vanuit ons geloof beteken dit dat ons al ons woorde, gedagtes en dade laat beheers deur ons verhouding met die Here. Dit wil sê, wanneer ek iets wil doen en terwyl ek daarmee besig is, vra ek myself af of dit die Here se wil is en of ek Hom daarmee verheerlik en tevrede stel. Nou weet ons daar is tye in ons lewens wanneer dit maklik is om so vanuit die geloof te lewe. Maar daar is ook tye wanneer dit vir ons moeilik is om vanuit ons geloof te lewe. Een so 'n moeilike ding is om iemand anders te vergewe wat verkeerd teenoor ons gedoen het.

Ons almal weet dat ons mekaar moet vergewe, maar, heng, dit is nie altyd so maklik nie. Petrus het ook geweet dat hy mense wat hom kwaad aangedoen het, moet vergewe. Jesus het dit immers by twee ander geleenthede al vir sy dissipels geleer – in die gebed wat Hy vir hulle geleer het (Matt 6:9-15) en toe Hy hulle geleer het hoe om vanuit die geloof te lewe (Luk 17:1-6). Dus, om iemand te vergewe, is die wil van God. Daarby kan ons nie verbykom nie. By ons plig om ander mense te vergewe, sal ons by 'n volgende geleentheid uitkom. Vanoggend wil ons eers stilstaan by ons gebed om vergiffenis, soos wat Jesus ons in die *Onse Vader* leer bid.

Broers, susters en kinders, ons wat dit so moeilik vind om ander mense te vergewe, is dieselfde mense wat baie maklik vra dat die Here ons ons sondes moet vergewe. Luister maar weer hoe jy bid. Ons vra in byna al ons gebede dat die Here ons ons sondes moet vergewe. En dit is ook reg so, want Jesus leer ons om so te bid. Wanneer 'n mens egter vir die Here vra: *Ons Vader, vergewe ons ons sondes, veronderstel dit tog dat 'n mens eers jou sondes voor die Here bely het.* Daarom gaan ons vandag en volgende Sondag by die volgende sake stilstaan: 1) belydenis van ons sondes, 2) bid om vergewing van ons sondes, en 3) die dankbaarheid omdat God ons vergewe het.

Jesus vertel hierdie gelykenis om vir Petrus en die ander dissipels en vir ons ook te verduidelik hoe nodig dit is dat ons mekaar moet vergewe en om te verduidelik wat die vyfde bede van die *Onse Vader* beteken. Gelykenisse is nuttig, nie net omdat die Here vir ons 'n belangrike saak in die vorm van 'n verhaal duidelik maak nie, maar omdat verhale 'n indruk op 'n mens maak. Met hierdie gelykenis wil Jesus die saak van vergifnis by ons inprent sodat ons dit nie sal vergeet nie.

Kyk nou net hoe leer Jesus ons bid, geliefdes. Hy sê: **So moet julle bid: Ons Vader, vergewe ons ons skulde, soos on**Nou gaan jy vir my vra: **Maar watter sin sou dit hê om vir die Here elke sonde by die naam te noem? Die Here weet in elk geval mos klaar wat al ons skulde is. Ja, die Here weet, maar óns moet dit ook weet. Die Here weet wat ons skulde is en Hy weet ook wat die gevolge van ons skulde is. Hy wil hê óns moet ook weet wat die gevolge van ons skulde is. s ook ons skuldenaars vergewe.** Ons skuld by die Here is so geweldig groot dat Jesus nie net van skuld praat nie maar van *skulde*. Kom ons kyk aan die hand van die gelykenis hoe groot ons skulde by die Here is, wat ons moet bely.

Die amptenaar is voor sy koning gebring sodat die koning saam met hom sy boeke kon deurgaan. Dit het toe duidelik geword dat hierdie amptenaar 10 000 talente aan sy koning geskuld het. Wat hy gedoen het om homself in so 'n massiewe skuld te dompel, weet ons nie. Maar dit is nie die punt nie. Wat nou saak maak, is dat hy sy koning 'n geweldige bedrag geld skuld. Een talent is ongeveer 200 Britse pond werd. In vandag se geldwaarde beteken dit dat hierdie amptenaar omtrent R24 miljoen geskuld het. Nou sal jy my seker wil vra, wat het hierdie miljoene rande skuld met my en jou sondes te doen?

Geliefdes, met hierdie verhaaltjie wil Jesus vir ons verduidelik hoe geweldig groot ons sondeskuld by die Here is. Ons skulde by die Here bestaan hoofsaaklik uit drie dinge:

Eerstens is ons nalatig in dit wat ons in ons diens aan die Here moet doen. Die Here Jesus het ons kinders van God gemaak en sy Gees aan ons gegee sodat ons God oral en altyd met ons lewens kan verheerlik. Ons verheerlik en eer die Here wanneer ons gehoorsaam aan Hom lewe. Ons loof die Here met ons lewe wanneer ons liefde vir God en ons naaste duidelik word in alles wat ons dink, doen en sê. Ons stel die Here tevrede wanneer ons lewens vol is van die vrugte van die ware geloof en vrugte van bekering.

As ek en jy eerlik na ons eie lewens kyk, moet ons tot ons skaamte erken en bely dat daar van al hierdie dinge wat ons teenoor die Here moet doen, maar min teregkom. Ons is in ons diens aan die Here baie maal soos 'n lui werker. Ons doen nie dit wat ons moet doen behoorlik nie. En baie keer kyk ons maar waar ons kan lyf wegsteek. Dus, die eer, lof en dank wat ons aan die Here moet bring, maar nie bring nie, beteken dat ons in die skuld is by die Here. En die hartseer is dat 'n mens die dank en lof wat 'n mens nie gebring het nie, nie later weer kan opvang nie. 'n Mens raak nie agterstallig met dankbaarheid nie. 'n Mens is doodeenvoudig net nie dankbaar nie, daarom bring ek en jy dit nie vir die Here nie.

Tweedens bestaan ons skulde daarin dat ons dinge doen en sê wat die Here juis verbied. Niemand van ons kan sê dat ons nog nooit een van God se gebooe oortree het nie. Iemand wat dit kan doen, sê Jakobus, **is ook in staat om sy tong in toom te hou**. En nou weet elkeen dat ons nie in staat is om dit reg te kry nie. Kom kyk nou saam met my hoe ons ons skulde by die Here elke dag groter maak wanneer ons die gebooe van die Here oortree.

So baie maal gebeur dit dat 'n mens weens omstandighede in geldelike nood verkeer, maar in plaas daarvan dat ons op die Here vertrou, gaan soek ons uitkoms in 'n gou-ryk-word-skema of by die Lotto. In plaas daarvan dat ons die Here dien in eredienste en gebede, soos die Here ons leer, besluit ons om Hom te dien soos dit vir ons die gemaklikste is. In plaas daarvan dat ons die mense tereg wys wat die Here se Naam misbruik, bly ons eerder stil, want ons is bang vir wat daardie mens vir ons gaan sê of aan ons gaan doen. Dink ook maar hoeveel keer het ons die gesag wat die Here oor ons aangestel het, geminag. En daarmee het ons die vyfde gebod oortree. Hoeveel keer het ek en jy al met gevoelens van haat en wraak in ons hart rondge-loop, en daarmee het die sesde gebod by ons ook in die slag gebly. Ag, en om nie eers te praat van al die losbandige gedagtes wat by ons mans teenwoordig is wanneer ons soms na vrouens kyk nie. So het ons die sewende gebod ook oortree. En 'n oortreder van wette staan bekend as 'n misdadiger. Dit is immers wat ons onself ook in die Kategismus noem – misdadigers.

En asof hierdie skulde nog nie genoeg is nie, broers, susters en kinders, kom die boosheid wat ons aankleef ook nog by. Dit is hierdie geaardheid wat in elkeen van ons is wat veroorsaak dat ons tot alle sondes geneig is. Hierdie sondige geaardheid in ons is so erg dat niemand van ons vandag kan besluit dat ons geen sondes meer gaan doen nie. Dit is nou nog in ons aard en dit sal in ons aard bly om sonde te doen tot die dag dat ons sterf. Maar nou ken ons onself alte goed. Ons redeneer mos

baie maal dat ons eers skuldig is as ons uitgevang word. En nou kan ek en jy vanoggend by onself dink: Wel, ek is nog nie uitgevang nie en daarom kan niemand sê ek is skuldig nie. Ons redeneer so omdat dit vir ons swaar is om ons eie skuld te erken. Maar die feit dat ek nog nie uitgevang is nie, maak my inderdaad nog nie onskuldig nie. As ek 'n moord gepleeg het sonder dat enige ander mens daarvan weet behalwe die een wat ek vermoor het, beteken dit dat ek onskuldig is? Nee, allermins. Ek is skuldig, want die Here weet dit.

Die Here gaan ons nie in hierdie droomwêreld van ons laat bly lewe waarin ons dink ons is onskuldig nie. Dit is nie goed vir Hom nie en Hy weet dit is ook nie goed vir ons om te dink dat ons onskuldig is nie. Daarom reël Hy ook dat ons boeke gereeld nagegaan word, soos wat die koning met sy amptenare gedoen het. Die amptenaar het gewete hy skuld sy koning baie geld en hy het dit dig toegehou tot op die dag dat die koning sy boeke geouditeer het.

Die Here ouditeer ons ook. Binne-in elke kind van die Here woon die Heilige Gees. En Hy gebruik ons gewete as die ouditeur in ons verhouding met die Here. Ek en jy het mos al gevoel hoe ons gewete ons pla wanneer ons iets gedoen het wat ons weet nie reg in die oë van die Here is nie. Dit is daardie ouditeurstemmetjie waardeur die Heilige Gees ons aanhelp sodat ons kan beseft dat ons skuldig is. Maar die Heilige Gees werk nie net met ons gewete nie. Hy gebruik ons oë en ore ook, want ons gewete is baie maal dikvellig. Die Heilige Gees praat met ons deur die Bybel sodat ons kan hoor en sien hoe skuldig ons werklik is.

Geliefdes, die Here gaan ons boeke saam met ons na, want Hy wil hê ons moet beseft dat ons skuldig is. Maar dit is nie al wat die Here met ons wil laat gebeur nie. Die Heilige Gees lei ons verder sodat ons ons skulde voor die Here kan bely. Ons moet self erken en vir die Here sê dat ons dit en dat gesondig het. Die Here wil hê dat ons daarby moet uitkom om vir Hom elke sonde op die naam te noem. Eers as ons dit gedoen het, kan ons daarby uitkom om te vra: **Ons Vader, vergewe ons ons skulde.**

Nou gaan jy vir my vra: Maar watter sin sou dit hê om vir die Here elke sonde by die naam te noem? Die Here weet in elk geval mos klaar wat al ons skulde is. Ja, die Here weet, maar óns moet dit ook weet. Die Here weet wat ons skulde is en Hy weet ook wat die gevolge van ons skulde is. Hy wil hê óns moet ook weet wat die gevolge van ons skulde is.

As gevolg van al ons sondes en skulde is daar 'n al groter groeiende kloof tussen God en ons ... en ons is die oorsaak daarvan. Deur ons sondes die een na die ander op te noem sien ons hoe hierdie kloof tussen die Here eNou gaan jy vir my vra: Maar watter sin sou dit hê om vir die Here elke sonde by die naam te noem? Die Here weet in elk geval mos klaar wat al ons skulde is. Ja, die Here weet, maar óns moet dit ook weet. Die Here weet wat ons skulde is en Hy weet ook wat die gevolge van ons skulde is. Hy wil hê óns moet ook weet wat die gevolge van ons skulde is. n ons net al groter word. Jy sien dan hoe jy van jou lewe af wegdryf. En daar is geen manier wat ons uit ons eie hierdie groter wordende kloof kan oorbrug nie. Ons kan niks doen om die skulde te betaal nie. Ons is arme, bankrot sondaars, net soos hierdie amptenaar wat sy koning miljoene rande geskuld het en dit nie kon betaal nie.

Geliefdes, die enigste wat regtig vir ons oorbly is dat die reg sy gang moet gaan. Hierdie koning het op die daad die amptenaar ontslaan uit sy diens en beveel dat hy, sy vrou en kinders as slawe verkoop moet word sowel as alles wat hy besit. Natuurlik sou die geld wat met hierdie verkope gekry word nie naastenby die skulde uitwis nie, maar ten minste kry die koning darem iets van sy geld terug. Vir ons in ons verhouding met die Here beteken dit dat ons vir ewig van ons lewe af wegdryf. Dit beteken dat ons sonder God vir ewig sal moet bestaan in 'n plek waar daar nooit einde aan ons ellende sal wees nie. Ons sal nie doodgaan nie maar vir ewig swaarkry.

Ons is inderdaad arme, bankrot skuldenaars. Ons kan niks doen om hierdie kloof tussen die Here en

ons te oorbrug nie. Maar ons weet immers dat Jesus Christus gekom het om langs ons en in ons plek aan hierdie kant van die gapende kloof te kom staan. Met sy liggaam en bloed het Hy 'n pad oor die kloof kom lê omdat sy Vader Hom gestuur het om juis dit te kom doen. En Jesus het ook nog sy Heilige Gees aan ons gegee sodat Hy ons sondige gesindheid kan verander. Hy verander ons sodat ons self kan raaksien hoe nodig ons dit het om aan die gekruisigde Christus vas te hou sodat ons oor die kloof kan kom. Dit beteken dat die Heilige Gees ons oë aanhoudend moet oopmaak sodat ons self kan sien hoe vol ons arms is van al die skulde wat ons by die Here het. Eers as ons dit raaksien en die skulde een vir een vir die Here opnoem en by die kruis van Christus neersit, kan ons al stywer en stywer aan Jesus begin vashou.

Nadat ons dit nou alles vir mekaar gesê het, broers, susters en kinders, wat staan ons nou te doen? Dit beteken dat elkeen van ons in hierdie komende week groot erns sal moet maak met ons verhouding met die Here. Ons moet met die vergrootglas die Bybel, wat die Heilige Gees vir ons gee en ons help om te verstaan, ons lewe gaan fynkam. Ons wil graag raaksien hoe groot ons skulde is, waar ons nalatig in ons diens aan die Here is, waar ons eenvoudig net moedswillig sy geboorte oortree, en hoe erg ons eie sondige geaardheid is. En laat ons elkeen van hierdie skulde op die naam noem om dit neer te sit by die kruis van Jesus Christus. Eers as ons sover gekom het, kan ons daarby uitkom om die Here te vra om ons te vergewe.

Ons sluit af met hierdie laaste vraag: Is ons sondes 'n konkrete werklikheid wat ons elke dag ontstel en waarteen ons elke dag stry, of is ons sondes vir onself nie so erg nie? Die antwoord op hierdie vraag sal bepaal of ons regtig ernstig is as ons die Here smeek om ons te vergewe, en of dit maar net 'n skynheilige formaliteit is sodat ander mense nie sleg van ons moet dink nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 32:1, 5 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Doopformulier

Doop

Skrifberyming 16-1:1, 2, 3 (15:1, 2, 3)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."
- 3 En die Here het sy arrens / koest'rend om hul heen geslaan,
met sy hande op hul hoofde, / hul geseën, en weer laat gaan.

Psalm 86:1, 6 (p. 431)

- 1 Heer, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.

O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
Heer, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Februarie 2012